Aankondiging van jaarresultate

vir die jaar geëindig 31 Maart 2024

Naspers Beperk
Geïnkorporeer in die Republiek van Suid-Afrika
(Registrasienommer: 1925/001431/06)
(Naspers of die groep)
JSE-aandelekode: NPN ISIN: ZAE00015889

Deur tegnologie verbeter ons die alledaagse lewe vir miljarde mense

Hooftrekke van voortgesette bedrywighede

	Jaar geëindig 31 Maart	
	2024 VS$'m	2023 VS$'m
Omset	**6 431**	5 960
Bedryfsverlies	**(562)**	(1 073)
Verdienste per gewone aandeel (VS-sent)	**1 595**	2 014
Wesensverdienste per gewone aandeel (VS-sent)	**792**	143
Kernwesensverdienste per gewone aandeel (VS-sent)	**1 148**	546

Hooftrekke vir algehele bedrywighede

	Jaar geëindig 31 Maart	
	2024 VS$'m	2023 VS$'m
Verdienste per gewone aandeel (VS-sent)	**1 532**	2 078
Wesensverdienste per gewone aandeel (VS-sent)	**759**	119

Kommentaar

Ons is bly om te rapporteer dat die groep in die tweede helfte van die finansiële jaar gekonsolideerde e-handelswinsgewendheid bereik het en ook vir die volle jaar tot 31 Maart 2024 (FJ24) winsgewend was. Dit is aansienlik vroeër as ons mikpunt om gekonsolideerde e-handelswinsgewendheid in die eerste helfte van FJ25 te bereik. Ons werk is steeds daarop toegespits om volgehoue winsgewende groei te lewer, wat na ons mening die waarde van ons besighede oor die lang termyn sal wys.

Tensy anders vermeld, vergelyk die groeikoerse wat verder in hierdie verslag bespreek word FJ24 met FJ23. Die persentasies tussen hakies verteenwoordig groei in plaaslike geldeenheid-terme, met uitsluiting van die impak van samesmeltings en verkrygings (M&A), en gee 'n duideliker beeld van die onderliggende bedryfsprestasie van ons ondernemings. Finansiële resultate word aangebied op die basis van voortgesette bedrywighede.

Vir die 12 maande tot 31 Maart 2024 het die groep sy fokus verskerp op winsgewende groei in sy kerngroei-ondernemings, en om verbeterings in onderpresterende beleggings te bestuur. Gekonsolideerde omset het met 8% (17%) tot VS$6.4mjd gestyg danksy sterk prestasie deur OLX en iFood. e-Handel se gekonsolideerde handelswins het in FJ24 met 'n beduidende VS$460m (VS$437m) tot VS$24m toegeneem danksy die positiewe invloed op die resultate as gevolg van groei, skaal en kostebesnoeiings. Gekonsolideerde handelsverliese vir die groep het met VS$486m (VS$461m) afgeneem vanaf VS$640m in FJ23, wat ons vinniger pad na winsgewendheid onderstreep.

Kernwesensverdienste, ons maatstaf vir nabelaste bedryfsprestasie, het VS$2.1mjd bedra – dit is 'n styging van 88% (113%).

Hoewel ons steeds langtermyn-groeigeleenthede nastreef, is eksterne investering (samesmeltings en verkrygings, en beleggings in minderheidsbelange) beperk tot VS$571m. Dit is aansienlik laer as die hoogste vlak van VS$6.4mjd in 2022, danksy ons gedissiplineerde benadering tot 'n uitdagende beleggingslandskap. In die verlede het die groep oor 'n volgehoue tydperk redelike beleggingsukses behaal. Die afgelope twee jaar was ons interne opbrengskoers egter ver onder die mikpunt. Stappe is gedoen om uit ons foute te leer en hierdie onderprestasie aan te pak – onder meer deur meer aktief met ons groot bedryfsmaatskappye en beleggings te skakel, ons hele organisasiestruktuur te vereenvoudig om nader aan ons besighede te kom, en die beleggingspan, beleggingsprosesse en aansporings te herontwerp. Uitbreiding van ons kennis, kundigheid en vermoëns is die DNS van die groep se bestaan, en wanneer ons vertroue het in ons idees, sal ons meer kapitaal hiervoor beskikbaar stel.

Ons het addisionele waarde vir ons aandeelhouers geskep deur die onbeperkte aandeelterugkoopprogram voort te sit. Sedert die bekendstelling van dié program in Junie 2022 het dit die getal vrylik verhandelde aandele met 21% verminder en waarde ten bedrae van VS$30mjd vir aandeelhouers geskep. Vanaf die loodsing van die program tot 31 Maart 2024 het die gekombineerde beherende maatskappy-diskonto van Naspers en Prosus met sowat 21 persentasiepunte gekrimp. Oor dieselfde tydperk het Prosus 318 170 126 Prosus gewone aandele teen 'n totale waarde van VS$17.1mjd teruggekoop, wat die netto batewaarde (NBW) per aandeel met 9.4% laat toeneem het. Naspers befonds sy eie onbeperkte aandeelterugkoopprogram met gereelde verkope van Prosus-aandele. Teen 31 Maart 2024 het Naspers 113 092 796 Prosus gewone aandele N verkoop en 34 793 336 Naspers N- gewone aandele ter waarde van VS$5.7mjd teruggekoop.

In September 2023 het ons ons struktuur vereenvoudig deur met oorweldigende aandeelhouersteun die kruisbesit-struktuur te verwyder. Sterker prestasie in ons bedryfsondernemings, beter beleggings, en ons onbeperkte aandeelterugkoopprogram lewer 'n belangrike bydrae tot langtermyn-waardeskepping en opbrengste vir aandeelhouers. Die groep bly verbind tot hierdie doelwitte.

iFood lewer steeds sterk prestasie, wat sy posisie as een van die beste kosafleweringsondernemings in die wêreld onderstreep. iFood se kernrestaurantkos-afleweringsbesighede het jaar tot jaar 'n sterk toename in handelswins van VS$166m (VS$137m) behaal. Vordering is gemaak om groei-uitbreidings verder te ontwikkel en die bestuurspan by iFood sien beduidende potensiaal in hul lenings-, kruidenierswaare- en etekoepon-besighede. Hierdie sterk ekosisteem is van kernbelang vir iFood se langtermynpotensiaal.

Ons Geklassifiseerde Advertensie-besighede het winsgewendheid beduidend versnel, danksy sterk omsetgroei en doeltreffende kostebeheermaatreëls, veral in OLX Europa. Ons het gedurende die jaar ooreenkomste beklink of die grootste deel van OLX Autos, die motortransaksiebesigheid, gesluit.

PayU het die goeie groei in sy kern-betaaldiensverskafferbesigheid voortgesit. Sterk omsetgroei en beter winsgewendheid is verkry deur verbeterde bedryfshefboomkrag en doeltreffende kostebeheer, ondanks regulatoriese hindernisse in Indië. Die verkoop van GPO, wat in Augustus 2023 aangekondig is, vorder en sal na verwagting in die tweede helfte van 2024 afgehandel word.

In die opvoedkundige tegnologie-segment (Edtech) het die breë aanvaarding van generatiewe kunsmatige intelligensie (KI)- oftewell GenAI-hulpmiddels en uitdagende makro-ekonomiese toestande ons besighede geaffekteer. Veral Stack Overflow is hierdeur geraak. Omsetgroei was minder as wat verwag is en daarom het ons beduidende stappe gedoen om handelswins en vrye kontantvloei te verbeter. Stack Overflow het die groep se interne KI-vermoëns gemobiliseer om sy KI-waarde-aanbod te verbeter, met positiewe vroeë resultate. GoodHabitz vind baat by sy investering in produkverbeterings en 'n meer stelselmatige internasionale ontplooiingsprogram.

Die groep se balansstaat is sterk, met beskikbare kontant van VS$16.1mjd (dit sluit korttermynbeleggings in). Ons bly verbind tot die bestuur van ons balansstaat binne sy beleggingsgraad-status, en daarom is nie al die kontant op die balansstaat vir die groep beskikbaar nie. Op 31 Maart 2024 het ons geraam dat sowat VS$8.0mjd beskikbaar is vir nuwe beleggings.

Bob van Dijk het in September 2023 as uitvoerende hoof uitgetree, na bykans 10 jaar aan die stuur. Ervin Tu, die groep se beleggingshoof, is as tussentydse uitvoerende hoof aangestel. Op 17 Mei 2024 het ons die aanstelling van iFood se uitvoerende hoof, Fabricio Bloisi, as groep uitvoerende hoof aangekondig. Fabricio het iFood in 2013 verkry toe dit 'n beginonderneming met 20 personeellede was. Hy het dit sedertdien vinnig en winsgewend uitgebrei om Brasilië se voorste kosafleweringsmaatskappy te word en een van die beste besighede in dié kategorie wêreldwyd. Fabricio is 'n bewese entrepreneur en innoveerder met sterk ervaring in die bedryf, bou en skaaluitbreiding van wêreldgehalte tegnologiemaatskappye in groeimarkte. Ervin sal steeds 'n belangrike rol speel om in 'n nuwe pos, as president en beleggingshoof, die groep se toekoms te bou.

'n Rekonsiliasie en die toepaslikheid van alternatiewe prestasiemaatstawwe teenoor die ekwivalente Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde (IFRS)-maatstawwe word gegee in die afdeling 'Alternatiewe finansiële prestasiemaatstawwe' in die geïntegreerde jaarverslag. Ekonomiese belang verteenwoordig resultate wat op die grondslag van ekonomiese belang weergegee word – dit is ekwiteitsverantwoorde beleggings word proporsioneel gekonsolideer binne segmente waaroor verslag gedoen word.

Finansiële oorsig

Gekonsolideerde omset uit voortgesette bedrywighede het met VS$471m (VS$962m), of 8% (17%), toegeneem, van VS$6.0mjd in die vorige jaar tot VS$6.4mjd. Dit was hoofsaaklik toe te skryf aan sterk omsetgroei in die Geklassifiseerde Advertensie- en Kosaflewering-segmente.

Bedryfsverliese

Bedryfsverliese het met VS$511m tot VS$562m afgeneem, danksy groter winsgewendheid in die groep se gekonsolideerde besighede en laer waardedalingsverliese wat in die huidige jaar erken is. Dit is teengewerk deur 'n toename in uitgawes as gevolg van die hermeting van die aandeelgebaseerde betalingsverpligting. Weens uitdagende makro-ekonomiese toestande en die laer groeiverwagtings en waardasies, het ons waardedalingsverliese op klandisiewaarde en ander bates ten bedrae van VS$374m (FJ23: VS$613m) erken. Dit het hoofsaaklik verband gehou met Stack Overflow in die Edtech-segment.

e-Handel se gekonsolideerde handelswins uit voortgesette bedrywighede het in FJ24 met VS$460m (VS$436m) tot VS$24m toegeneem terwyl groei, skaal en kostebesnoeiings winsgewendheid verhoog het. Totale handelsverliese vir die groep het met VS$486m (VS$461m) afgeneem vanaf die hoogste vlak van VS$640m in FJ23.

Netto finansieringsinkomste/-uitgawe

Die groep het in FJ24 netto rente-inkomste van VS$409m gegenereer (FJ23: netto rente-uitgawe van VS$143m). Rente-inkomste het met VS$438m of 91% toegeneem van VS$482m in die vorige jaar tot VS$920m in FJ24, danksy hoër rentekoerse en beskikbare kontantsaldo's. Rente-uitgawes het in FJ24 met 3% tot VS$585m gestyg.

Ander finansieringsinkomste het gestyg van 'n verlies van VS$56m in die vorige jaar tot 'n inkomste van VS$74m in FJ24. Dit hou hoofsaaklik verband met wins op wisselkoersverskille met betrekking tot die omrekening van bates en laste, wat teengewerk is deur billikewaarde-verliese van afgeleide instrumente, waaronder vooruitvalutakontrakte en ander afgeleide finansiële instrumente.

Aandeel van ekwiteitsverantwoorde resultate

Wins uit ekwiteitsverantwoorde resultate het met VS$2.4mjd of 46% afgeneem, van VS$5.2mjd in die vorige jaar tot VS$2.8mjd. Dit is hoofsaaklik toe te skryf aan Tencent se laer wins van VS$5.8mjd op verkrygings en verkope, wat teengewerk is deur 'n afname in waardedalingsverliese van VS$1.3mjd en 'n groter bydrae van sy geassosieerde maatskappye ten bedrae vanVS$638m. Wat ook gehelp het om die laer wins op bateverkope teen te werk, is die sterk groei in Tencent se winsgewendheid met VS$1.1mjd tot VS$6.2mjd.

'n Vermindering van 2% in die groep se Tencent-belang het gesorg vir 'n wins van VS$5.1mjd gedurende die jaar (FJ23: VS$7.6mjd).

Verder het ons waardedalingsverliese op ekwiteitsverantwoorde beleggings van VS$483m erken met betrekking tot Delivery Hero (VS$255m), Skillsoft (VS$42m) en ongenoteerde ekwiteitsverantwoorde beleggings (VS$186m).

Inkomstebelastinguitgawe

Die inkomstebelastinguitgawe het tot VS$151m gestyg teenoor die vorige jaar se VS$51m. Dit is hoofsaaklik toe te skryf aan die groter winsgewendheid van ons voortgesette bedrywighede.

Verdienste, wesensverdienste en kernwesensverdienste

Verdienste uit voortgesette bedrywighede het van VS$4.2mjd in die vorige jaar gedaal tot VS$3.0mjd. Dit was hoofsaaklik toegeskryf aan 'n daling in ekwiteitsverantwoorde resultate en die gedeeltelike verkoop van die belegging in Tencent, wat teengewerk is deur laer waardedalingsverliese wat in die huidige jaar erken is.

Kernwesensverdienste uit voortgesette bedrywighede het VS$2.1mjd bedra – dit is 'n styging van 88% (113%) of VS$1.0mjd. Dit was hoofsaaklik toe geskryf aan die groter winsgewendheid van ons gekonsolideerde e-Handelsbesighede en ekwiteitsverantwoorde beleggings, veral Tencent, asook hoër netto rente-inkomste gedurende die jaar.

Wesensverdienste uit voortgesette bedrywighede het met VS$1.2mjd tot VS$1.4mjd gestyg, danksy dieselfde faktore as dié wat ten opsigte van kernwesensverdienste genoem is.

Verlies uit beëindigde bedrywighede

In Maart 2023 het die groep sy uittrede uit die OLX Autos-besigheidseenheid aangekondig. Alle bedrywighede van hierdie besigheid word as beëindigde bedrywighede weergegee, aangesien hulle teen 30 September 2023 van die hand gesit, as gehou vir verkoop geklassifiseer of gesluit is. OLX Autos se werksaamhede wat voorheen in voortgesette bedrywighede weergegee is vir 31 Maart 2023, is op 31 Maart 2024 in beëindigde bedrywighede weergegee.

Verliese uit beëindigde bedrywighede gedurende die jaar met betrekking tot die Autos-sake-eenheid het VS$270m bedra. Dit sluit waardedalingsverliese van VS$137m in vir die bedrywigheid wat as gehou vir verkoop geklassifiseer is op 31 Maart 2024.

Omset en handelswins op die grondslag van ekonomiese belang

Groepomset, gemeet op die grondslag van ekonomiese belang, het met 1% (12%) gegroei. e-Handel het 'n sterk groeitrajek voortgesit, met inkomste wat 12% (16%) in 'n uitdagende omgewing gegroei het. Ons aandeel in Tencent, gemeet op die grondslag van ekonomiese belang, het met -4% (10%) gegroei. Handelswins het op die grondslag van ekonomiese belang met 62% (84%) tot VS$5.8mjd gestyg, wat die groter winsgewendheid van ons gekonsolideerde e-Handelsbesighede en ekwiteitsverantwoorde beleggings (veral Tencent) weerspieël.

Kontantsaldo's en vrye kontantvloei

Danksy die groep se sterk balansstaat is dit steeds goed geposisioneer om op koers te bly in 'n moeilike makro-omgewing. Op korporatiewe vlak het Naspers 'n netto skuldposisie van VS$737m, wat bestaan uit VS$14.6mjd sentrale kontant en kontantekwivalente (korttermyn-kontantbeleggings ingesluit), na aftrekking van VS$15.4mjd ten opsigte van sentrale rentedraende skuld (gekapitaliseerde bruikhuurverpligtinge uitgesluit). Ons het ook 'n ongebruikte wentelkredietfasiliteit van VS$2.6mjd.

Die groep se vrye kontantinvloei het VS$375m bedra, wat 'n beduidende verbetering is op die vorige jaar se vrye kontantuitvloei van VS$491m. Dit was te danke aan die Kosaflewering- en Geklassifiseerde Advertensie-segmente se groter winsgewendheid asook beter bedryfskapitaalbestuur in die e-Kleinhandel-segment en Betalings en Fintech. Met uitsluiting van OLX Autos het vrye kontantinvloei VS$477m bedra. Tencent bly 'n beduidende bydraer tot ons kontantvloei met 'n stygende dividend wat VS$759m bedra het vir die finansiële jaar geëindig 2024. Die groep het ook sy dividend vir die finansiële jaar eindigende 2025 van VS$1.0mjd ontvang.

Met ingang van 1 April 2023 was daar was geen nuwe of gewysigde rekeningkundige verklarings wat 'n beduidende invloed op die groep se gekonsolideerde finansiële jaarstate gehad het nie.

Die maatskappy se eksterne ouditeur het nie enige vooruitskattings in hierdie jaarlikse bondige aankondiging van resultate nagegaan of daaroor verslag gedoen nie.

Opstel van die bondige aankondiging van resultate

Die bondige aankondiging van resultate is opgestel onder toesig van die groep se hoof finansiële beampte, Basil Sgourdos GR(SA). Hierdie resultate is op 24 Junie 2024 bekend gemaak.

ADB-program

Bank of New York Mellon bedryf 'n Global BuyDIRECT[SM]-plan vir Naspers Beperk. Vir bykomende inligting, besoek Bank of New York Mellon se webwerf by **www.globalbuydirect.com** of skakel "Shareholder Relations" by 1-888-BNY-ADRS of 1-800-345-1612 of skryf aan: Bank of New York Mellon, Shareholder Relations Department – GlobalBuyDIRECT[SM], Church Street Station, PO Box 11258, New York, NY 10286-1258, USA.

Belangrike inligting

Hierdie verslag bevat vooruitskouende verklarings soos omskryf in die Verenigde State se 'Private Securities Litigation Reform Act' van 1995, met betrekking tot ons finansiële posisie, resultate van werksaamhede en besighede. Hierdie vooruitskouende verklarings is blootgestel aan 'n aantal risiko's en onsekerhede waarvan baie buite ons beheer is, en wat almal gegrond is op ons huidige standpunte en verwagtings ten opsigte van toekomstige gebeure. Vooruitskouende verklarings word gewoonlik gekenmerk deur die gebruik van vooruitskouende terminologie soos 'glo', 'verwag', 'kan', 'sal', 'sou kon', 'behoort', 'beoog', 'reken', 'beplan', 'aanvaar' of 'antisipeer', of verwante negatiewe of ander variasies of vergelykbare terminologie, of deur besprekings van strategie wat risiko's en onsekerhede insluit. Hierdie vooruitskouende verklarings en ander verklarings in hierdie verslag oor sake wat nie historiese feite is nie, sluit voorspellings in. Geen versekering kan gegee word dat sulke toekomstige resultate behaal sal word nie. Werklike gebeure of resultate kan wesenlik verskil as gevolg van risiko's en onsekerhede wat in sulke vooruitskouende verklarings geïmpliseer word.

'n Aantal faktore kan ons toekomstige bedrywighede raak en veroorsaak dat resultate wesenlik verskil van dié wat in die vooruitskouende verklarings te kenne gegee is, insluitend (sonder beperking): (a) veranderings aan IFRS en gepaardgaande vertolkings, toepassings en praktyke soos hulle op vorige, huidige en toekomstige tydperke van toepassing is; (b) voortgesette en toekomstige verkrygings, veranderings in plaaslike en internasionale sake- en marktoestande soos wisselkoers- en rentekoersbewegings; (c) veranderings in plaaslike en internasionale regulatoriese en wetlike omgewings; (d) veranderings in plaaslike en internasionale bedryfs-, maatskaplike, ekonomiese en politieke toestande; (e) arbeidsonrus en nywerheidsoptrede; en (f) die uitwerking van beide huidige en toekomstige litigasie. Die vooruitskouende verklarings wat in hierdie verslag vervat is, is slegs van toepassing soos op die datum van hierdie verslag. Ons is geensins onder verpligting nie (en ontken uitdruklik enige sodanige verpligting) om vooruitskouende verklarings by te werk of te wysig om gebeure of omstandighede ná die datum van hierdie verslag, of die voorkoms van onvoorsiene gebeure, te weerspieël. Ons kan geen gerusstelling verskaf dat vooruitskouende verklarings korrek sal blyk nie en beleggers word gemaan om nie te veel op enige vooruitskouende verklarings staat te maak nie.

Verdere inligting

Hierdie bondige aankondiging van resultate is die direkteure se verantwoordelikheid en is slegs 'n opsomming van die inligting in die volledige gekonsolideerde finansiële jaarverslag en die geïntegreerde jaarverslag. Hierdie verslae sal op 24 Junie 2024 op SENS vrygestel word en sal op die maatskappy se webwerf beskikbaar wees by **www.naspers.com**, en kan ook gelees word by die JSE-skakel **https://senspdf.jse.co.za/documents/2024/JSE/ISSE/NPN/YE24.pdf**. Afskrifte van die volledige gekonsolideerde finansiële jaarstate kan ook gedurende kantoorure sonder enige koste by die maatskappy se geregistreerde kantoor aangevra word. Die volledige gekonsolideerde finansiële jaarstate vir die jaar geëindig 31 Maart 2024 is deur ons onafhanklike ouditeur Deloitte & Touche geoudit. Hul ongewysigde verslag is by die volledige gekonsolideerde finansiële jaarstate aangeheg en is beskikbaar by **www.naspers.com**. Enige beleggingsbesluit moet geneem word op grond van die volledige gekonsolideerde jaarverslag wat op SENS en op die maatskappy se webwerf gepubliseer is.

Die inligting in hierdie bondige aankondiging is verkry uit die nagegane finansiële jaarverslag en die geïntegreerde jaarverslag wat op SENS gepubliseer is, maar die bondige aankondiging self is nie nagegaan nie.

Namens die direksie

Koos Bekker
Voorsitter

Ervin Tu
Tussentydse uitvoerende hoof

Kaapstad

22 Junie 2024

Direkteure: JP Bekker (voorsitter), S Dubey, HJ du Toit, CL Enenstein, M Girotra, RCC Jafta, AGZ Kemna, FLN Letele, D Meyer, R Oliveira de Lima, SJZ Pacak, V Sgourdos, MR Sorour, JDT Stofberg, Y Xu **Maatskappy¬sekretaris:** L Bagwandeen
Geregistreerde kantoor: Heerengracht 40, Kaapstad 8001 (Posbus 2271, Kaapstad 8000) **Oordragsekretaris:** JSE Investor Services Eiendoms Beperk, One Exchange Square, Gwenlaan 2, Sandown, Sandton 2196 (Posbus 4844, Johannesburg 2000, Suid-Afrika) **Borg:** Investec Bank Beperk

THE OAK TREE GROUP

www.naspers.com